



# Touleier:

Hallo julle,
Nuwe jaar, nuwe dinge!
So kort voor Kersfees kyk ek weer 'n slag in Kammanuus se posbus.
Daar is nét een briefie, en hy is kort en kragtig:
*Dankie Hennie vir al die prettige en inspirerende leesstof.*
*Geseënde Kersfees vir julle*

*Dolf Richter - Doen die regte ding vir die regte redes*

Dink toe by my selwers, waar is die dae toe Kammanuus amper nét uit briewe bestaan het? Wonder toe, hierdie briefie op sy eie, veral nou, dit moét net eenvoudig 'n boodskap vir my inhou.
En daar vat die alewige nuuskierigheid my weereens vas en ek kyk bietjie dieper.
Wie is die Dolf? Waar kom hy vandaan? Hoe lank is hy al 'n leser? Het hy al ooit voorheen geskryf.? In die e-pos wat hy gebruik, *muisvoël.....*skuil toe ook n wenk: *bfn*.
Kan net Bloemfontein wees! Verder maak Dolf die fout om sy selnommer ook te gee.
Ek bel die nommer, goed wetende dat min mense deesdae oproepe vanaf onbekende nommers antwoord. Wraggies, net toe ek wil neersit, daar antwoord Dolf!
En, hy en Jeanne woon steeds in Bloemfomtein!
Dolf kan nie meer onthou presies hoe en wanneer hy Kammanuus in die hande gekry het nie, weet net dis vér oor die tien jaar!
Nou kom die vraag by my op wie van julle is tans die leser wat Kammanuus die langste ontvang? **Indien ek nou mooi vra, sal dié van julle wat al meer as 10 jaar lesers is, laat weet naastenby hoe lank? Skryf na** info@onsdorp.com **met die opskrif** ***Kammajare***

Veels geluk met jul 55 jaar huweliksherdenking nou in Januarie, Jeanne en Dolf!

Hennie en Annabelle

Onthou julle nog die stukkie oor die Afrikaanse skaakboek wat Louis vir ons gestuur het? Hier onder is n skakel na die onderhoud wat **SAVryskutskrywer** met hom gevoer het oor die storie wat hy geskryf het en wat sy toe in haar nuusbrief ingesluit het. Geniet en koop vir jou kleinkind of jouself hierdie boek!

https://www.savryskutskrywer.co.za/skrywer-kollig-20.htm

As jy belangstel om 'n harde kopie/ë van die storieboek (sagteband) te koop, Whatsapp net 'STORIEBOEK' na 0780909092. Of besoek www.skaakmat.co.za en kyk daar rond!





Juleen Du Toit van Zeekoevlei omgewing kom al 'n baie lang pad saam met Kammanuus, van julle sal onthou van haar stories as verpleegster waarmee sy ons gereeld hier vermaak het. Juleen is ook een van die stigterslede van die mense wat honde neem om te kuier by oues van dae en wat siekes opbeur met hul besoeke. My bynaam vir haar is steeds Nirsie. Sy is soos familie vir my. Hoewel ek haar nog nooit in lewende lywe ontmoet het nie, ken ek en sy en *Meraai* (ook n bynaam), die kopdokter van Meksiko, mekaar seker al meer as twintig jaar lank.

Begin Desember skryf Nirsie weer vir my:

# Nirsie aan die woord:

*In 2006 op die 1ste Desember, ry ek Vishoek toe via Hoofweg en oral op die lamppale is plakkate geplak "**World AIDS day**" en die volgende lamppaal die Argus koerantopskrifte "**Cut off all penis**"...*
*Teen die derde plakkaat onthou ek duidelik hoe ek gedink het "Bietjie drasties, maar dit kan nogal die AIDS situasie verbeter..."*
*Elke plakkaat laat my wonder wie se idee was die beplande chirurgiese ingreep.*
*Met die laaste draai voor Vishoek, tref dit my - die plakkate sê "**Cut off all PINES**"*

*Dit gaan toe oor die vreeslike drama oor die dennebome in die Tokaibos waar hulle die uitheemse indringerbome wou uitroei om die fynbos te bevorder.*
*Op een of ander verwronge manier het die AIDS-dagviering my brein laat dink aan die oplossing van afsny!*
*Nodeloos om te sê dit het my aan't giggel gehad vir die res van die dag...*



# SUID-AFRIKAANSE BERGPASSE

Die Gantouw Pas, ook histories bekend as die Hottentots Holland Kloof, is een van die oudste gedokumenteerde roetes uit Kaapstad. Lank voor Europese nedersetting het kuddes eland hierdie gaping in die winter oorgesteek, en migrerende olifanttroppe onder leiding van 'n matriarg het tussen die Cape Flats en hul tradisionele weivelde beweeg. 'n Khoi-gemeenskap bekend as die Gantauwers, "Mense van die Eland," het ook die roete gebruik.

Hulle het dit T'kanna Ouwe of Gantouw genoem, wat "eland-pad" beteken. Vroeë koloniale reisigers het dieselfde betekenis aangeneem en dit later die Elandspat genoem.



Europese gebruik van die roete het in die 1660's begin. Hendrik Lacus en Jeronimus Cruse, in 1663 deur Kommandeur Zacharias Wagenaar gestuur, was onder die eerste geregistreerde koloniste wat die kloof oorgesteek het. Om die pas te bereik was op sigself moeilik. Die Cape Flats het geen vaste pad gebied nie omdat waens in sagte sand vasgeloop het, wat reisigers gedwing het om vorige wielspore te vermy. Selfs die laer heuwels, later bekend as die Roode Hoogte of "Rooi Hoogtes," het onstabiele grond gebied. Vroeë tekeninge wys verskeie wa-spore terwyl mense probeer het om hul eie pad oor die terrein te vind voordat hulle die steil klim in die berge begin het.

Die klim was swaar. Thomas Baines het opgeteken hoe die pad diep in die klei en rots gesny het, en hoe verrassend dit was om gelaaide waens te sien wat die helling probeer opgaan. Osse en waens is gereeld beskadig of verlore, met meer as 'n vyfde van waens wat gebreek het. In sommige gevalle moes die laste verwyder en in dele opgetel word terwyl spanne oor die rotse geklim het. Remsleepskoengroewe wat tydens afdraandes in die rots uitgekerf is, is vandag nog sigbaar, saam met klippe wat tydens vroeë instandhoudingswerk in die dieper spore geplaas is.

Teen die laat 1700's was die roete goed gevestig. Lady Anne Barnard het gedeeltes beskryf as amper loodreg, insluitend 'n punt bekend as "The Portch."

Rekords van 1808 tot 1897 toon ossewaens wat die pas in beduidende getalle gebruik het. Ekstra osse is van omliggende plase soos Goedeverwachting, gebou in 1795, gehuur, en waens het tot 24 osse vir die klim gebruik. 'n Nabygeleë gebou bekend as die "Cloevermaker's Huys" het as 'n tolhuis gedien waar gelaaide waens vier sjielings betaal het om die pas te gebruik.

Die pas het ook persoonlike stories. Teen die einde van die 18de eeu is dit gebruik deur 'n getroude man wat saam met 'n slawevrou genaamd Zara gevlug het. Sy vrou het suksesvol ‘n egskeiding bekom.



Naby die kruin is die ou Gantouwpas-kanonne. Hulle is in 1734 geïnstalleer en het deel gevorm van 'n Seinstelsel van 54 kanonne van die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie wat die buitedistrikte met die kasteel in Kaapstad verbind het. Elke kanon het 'n aangewese kanonnier gehad wat verantwoordelik was om die volgende in die ketting tydens noodgevalle te skiet. Die stelsel is in Julie 1795 geaktiveer toe berede manne van Swellendam deur die pas gery het in reaksie op die oproep. Die seinnetwerk is vir die laaste keer in Januarie 1806 gebruik, tydens die Britse landing by Blaauwberg, waarna die stelsel gestaak is.




Die roete het agteruitgegaan na die voltooiing van 'n nuwe pas in 1830. Die ou tolhuis, wat in vroeë foto's in 'n verwaarloosde toestand getoon word, is in die laat 1800's herstel en tot laat 1990's bewoon. Goedeverwachting, eens bekend as Brinks Inn, staan ook naby die pas en is histories as 'n stopplek gebruik.

Die Gantouw-pas is in 1958 as 'n nasionale monument verklaar. Baie van sy fisiese geskiedenis is vandag nog sigbaar, insluitend die groewe wat deur remskoene gelaat is, oorblyfsels van instandhoudingswerk, en die ruïnes van die tolhuis.

***Ingestuur deur Dr John Bristow***

# Dié Maand se Giggels















# RAAI RAAI RIEPA!









Liewe vriende,

Ai ek en my soettand! Maar ter wille van die gewete plaas ons vandag vir julle 'n GEBAKTE PAMPOENKOEKIE resep! Om die sonde van die soet lekkerte so effe te verlig, *kan jy jou troos met die feit dat hierdie weergawe nie in olie gebraai word nie*, maar in muffinpannetjies in die oond gebak word.

Die resep is uit 'Ek sou doen met 'n pampoen', 'n pragboek waarin Nettie Cilliers haar passie vir die pampoenfamilie uitleef.

600 g (500 ml) pampoenpuree

50 g (50 ml) botter, gesmelt

50 ml bruinsuiker

5 ml vanieljegeursel

2 eiers, liggies geklits

70 g (125 ml) koekmeel

5 ml bakpoeier

Gemaalde kaneel

Ekstra bruinsuiker om bo-oor te strooi

Voorverhit die oond tot 220°C en smeer holtes van 'n muffinpan.  Meng die fyn pampoen, botter, suiker, geursel, eiers, meel en bakpoeier goed saam. Skep die mengsel in die holtes van die pan en strooi kaneel en bruinsuiker oor. Bak vir 30 minute tot gaar.

Wenk: siende dat jy dit nie in olie gebak het nie, kan jy jou bederf met 'n stropie van laventelgegeurde heuning – prut die blommetjies van 3 laventeltakkies, 100 ml heuning en 4 steranys saam vir 5 minute. Laat staan sodat die geure goed kan ontwikkel.

Hemelse lekkertes!

Mooi groetnis,
Retha

# WESKUS – BLOMMEPARADYS




Dagsê almal,

Hiermee die volgende 3 blommetjies vanuit ons St Helenabaai kontrei.



Die eerste een is die **Pelargonium fulgidum,** of soos in die volksmond beter bekend as die **Rooi Malva blom**. Soos julle aan die blommetjie se vorm kan sien, is dit maklik om die kenmerkende vorm van die malva blom, soos ons hom in ons tuine ken in hierdie wilde malva raak te sien. Hulle kom wyd verspreid en vollop hier aan die Weskus voor, veral op graniet of rotskoppies;

Die tweede blom is die **Hermania Ternifolia** en word in volksmond, die **Soetpoprosie** genoem. Dit is pragtige blommetjies van ongeveer 5 mm in deersneë, wat op n struik of bossie voorkom aan die oksils van die boonste blare en soos n lanterntjie kop onderste bo hang. Hulle blomtyd is Junie tot Oktober;





Die derde blom is die **Manulea tomentosa**, of in die volksnaam, **Duinevingertjies**. Hierdie is ook baie klein blommetjie dig saamgepak aan die punte van die stingels . Hulle kom volop veral op die sandduine langs die kus vanaf Stompneusbaai tot Pearly beach naby Bredasdorp voor, en is n meerjarige plant wat van die grond of vertak en n struikie vorm. Ek groet eers tot volgende maand vir die volgende 3 blomme.

Mooi loop uit die Weskus.

# SPREEKWOORDELIKS

## 'Spreuke, Spreekwoorde en Idiome.

Een bevat altyd 'n sedeles, die ander 'n stukkie waarheid of wysheid en die derde een het 'n dieper betekenis by die waarheid. Besluit jy watter een is watter

**Knip**: Nie 'n knip voor die neus werd wees nie (baie min beteken)

Die knip verwys na die handeling van jou middelvinger teen jou duim (voor jou neus) te klap om "niks; nie soveel werd nie" weer te gee.

**Knol**: Iemand knolle vir sitroene verkoop (iemand allerhande dinge wysmaak)

'n Knol is 'n soort raap, en lyk hoegenaamd nie soos 'n sitroen wat soos 'n suurlemoen met 'n dun skil lyk nie.

**Knoop**: Die knoop deurhak; die Gordiaanse knoop deurkap ('n moeilike saak oplos of afhandel)

Dit verwys na 'n gebeurtenis meer as 2 000 jaar gelede waarby Aleksander die Grote betrokke was. Toe hy Klein-Asië ingeval het, het hy op 'n wa afgekom wat Gordius, die koning van Frigië, aan die mitologiese god Jupiter opgedra het. Die disselboom van die wa het Gordius aan 'n paal vasgemaak - met so 'n ingewikkelde knoop dat niemand dit kon loskry nie. Toe Aleksander hoor dat die persoon wat die knoop kan losmaak oor die hele ryk van Asië sal regeer, wou hy sy leër inspireer en sy vyande oortuig dat hy gebore is om te oorwin. Hy het geen tyd gemors om die knoop los te wikkel nie, maar dit eenvoudig met een hou van sy swaard deurgesny. Dit bly deur die eeue 'n voorbeeld van kragdadige optrede en die gebruik van onortodokse metodes.

**Koeël**: Die koeël is deur die kerk (die saak is beslis; daar is niks meer aan te doen nie)

Vroeër eeue kon vlugtelinge, misdadigers en skuldenaars hulle toevlug neem tot sekere plekke wat as veilige hawens verklaar was. In antieke Bybelse tye reeds was daar stede waar mense wat misdade sonder voorbedagte rade gepleeg het, kon gaan skuil. So word daar in Deut. 4:43 vermeld dat Beser, Ramot en Golan, oos van die Jordaan, vrystede was wat deur Moses geskep is. Joshua het wes van die Jordaan die stede Kedes, Sigem en Hebron tot vrystede verklaar (Jos. 20:1-8). In Egipte het die tempels van Osiris en Amon hierdie status geniet, en in Griekeland alle tempels. Die reg om in Christelike abdye en kerke toevlug te vind, is die eerste keer reeds in die 4de eeu n.C. by wet erken. Dié reg is dikwels geskend, en is later herroep (byvoorbeeld in 1723 in Engeland). 'n Beroemde voorbeeld is die kanonkoeël wat die Spanjaarde tydens die beleg van Haarlem in 1573 deur die Sint Bavo-kerk geskiet het. Volgens oorlewering was die koeël vir die predikant bedoel, maar dit het hom gemis en in 'n binnemuur van die kerk vasgesteek waar dit tot vandag gesien mag word. Die spreekwoord het dus gesê: As iemand in 'n kerk skuil en daar trek skielik 'n koeël deur die kerk, het die vlugteling geweet dat sy agtervolgers nie eens die wettigheid (en heiligheid) van die plek respekteer nie, en dat hy niks meer aan sy saak kon doen nie.

**Koerland**: Iemand het van Koerland se vleis geëet (iemand is lui):

Na aanleiding van 'n Bolandse trekos van die 19de eeu, genaamd Koerland, wat vir sy luiheid berug was



# AGTEROS

## Net voor uitspantyd




## OUMAS KAN NIE MENSE MAAK NIE

Ek het nogmaals die voorreg om die Kerstyd feestelik saam met my familie te kuier en ek deel my en veral Kleinboet se ode aan al die Oumas.

Jaarliks, oor die Kerstyd trek die le Roux stam laer hier by die see. Kosbare herinneringe aan al dié vakansies strek so vêr terug as my kinderjare.

Hier by die see was dit Ouma saam met wie ek soggens ver ente strandlangs gaan stap het, of met laagwater die seelewe in elke rotspoel ondersoek het.

Terwyl oud en jonk weer so lekker saam kuier, dink ek wat 'n wonderlike voorreg dit is om 'n Ouma te kan wees.

Veral nou dat twee van die Oumas ook Oumagrootjie geword het. Die twee, albei in hulle tagtigs, se hande staan nog steeds vir niks verkeerd nie. Een van hulle het nou wel hierdie keer haar spesialiteit Kersfees ham op die plaas vergeet, maar dit was blykbaar deur Oupa se toedoen. Die feit bly staan, Oumas is uitsonderlike mense en die kern van 'n familie.

So 'n mens was my Ouma ook vir my. Haar plaastuin was 'n skaduryke koelte in die hittige Karoo en haar gesellige huis 'n toonbeeld van haar vlytige handewerk. Wanneer ons Sondae daar gaan eet het, kon ek my altyd verwonder het aan 'n fyn gehekelde of kleurvol geborduurde tafeldoek oor die keurig gedekte eetkamertafel.

Maar die geselligste kuiers nog, was in die winter sommer net om die groot ou kombuistafel, voor die koolstoof. Dan het Ouma vir ons van die bros handtertjies wat met tuisgemaakte appelkooskonfyt gevul is en waavan ek nooit genoeg kon kry nie, uit haar vol spens gaan haal. As ek aan my Ouma dink, dan ervaar ek weer haar liefde vir haar kinders en kleinkinders.

Bowenal onthou ek ook nog hoe lekker sy kon lag. Veral die dag toe Kleinboet, met al die wysheid van 'n kleuter, verklaar het dat 'n Ouma net mooi alles kan doen. Oumas kan traantjies en einas sommer weg en reg soen, maar daar is tog een iets wat hulle nie kan doen nie.

Oumas kan nie mense maak nie...

Groete, Leonora.

# DAASY VIR DIE 1ste MAAND!

Antwoord vir diere op skaal: 27Kg

Haas: 3kg
Kat:7 kg
Hond: 17kg